My Christenskap

Wat beteken my Christenskap vir ander? Hoe gedra ek my voor ander mense? Leef ek die Christus beeld in my daaglikse lewe?

Hoe pas hierdie vraag, by die foto wat hier geplaas is? Die sonneblomme se gesiggies is almal gedraai na die son om energie te trek vanaf die son.

Elkeen van ons kyk op na Jesus en streef daarna om ons energie uit Hom te put. Soos die son energie verskaf aan die sonneblomme, net so verskaf Jesus energie in ons lewe.

Dit is ook duidelik dat daar heelwat sonneblomme langs mekaar, en agter mekaar staan. Net so is daar ook mense voor ons, langs ons en agter ons wat na ONS kyk, of na wie ons kyk.

Hoe reageer ons teenoor ander in ons daaglikse lewens, as ons kwaad raak, of as iemand ons te na kom?

Is die prentjie wat ander van ons kry so mooi soos die sonneblomme of is dit ‘n donker somber prentjie? Wat sê die Bybel vir ons?

Kyk na 1 Kor 11:1 … Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg!